Uitgawe 2

23 Februarie 2018

MEERKATNUUS

Belangrike datums

26 Februarie:	Personeel vergadering Leierspan Vergadering
27 Februarie:	Spanbou – Personeel
28 Februarie:	Detensie – H. Crous Mini Krieket – Bergsig WKOD Opleiding
1 Maart:	WKOD Opleiding Beheerliggaamverkiesing (Opvoeders) Mini-Krieket – Bergsig
2 Maart:	Biddag vir Vroue
3 Maart:	Weskaap Atletiekbyeenkoms
	Eden Toutrek Kampioenskap
5 Maart:	Personeelvergadering
7 Maart:	Detensie – G. Wallace
8 Maart:	Hokkieoefen Kliniek (o/13)
9 Maart:	Netheidinspeksie
	Tuisnaweek

Programeerders in aksie!

Ons is die enigste Laerskool in Suid-Afrika wat programmering vir leerders aanbied. Hierdie leerders leer Graad 10 vlak programmering aan en skep vir hulle ‘n blink toekoms in die Inligtings Tegnologie (IT) rigting. Ons is baie trots op hierdie leerders se harde werk en deursettingsvermoë. Hulle is tans besig met die onwikkeling van ‘n Rekenaarsimulasie projek. Meer inligiting sal later die kwartaal bekend gestel word.



Fikse Onnies:

Donderdagmiddag, 22 Februarie, het ons aan die Oudtshoorn Besigheidskamer straatmyl-aflos deelgeneem. Ons het 3 spanne van Laurus ingeskryf, naamlik 'n Seunspan, 'n Onnie stapspan en 'n Onnie drafspan. Baie geluk aan die onnie Drafspan wat wenners wat in hul afdeling was en wat goue medaljes verower het. ONS IS BAIE TROTS OP JULLE. Julle het Laurus se naam hoog gehou. Lyk my klasgee maak jou fiks!

Laerskool Laurus Pet Bestellings:

Ons het dit goed gedink om vir ons leerders pette te laat maak vir die warm somer. Hierdie pragtige pette kan bestel word teen R60/pet. Bestelvorms is al reeds uitgegee aan die leerders.

Krieket:

Hierdie week het ons krieketspanne teen Colridge gespeel en die wedstryde was in baie goeie gees gespeel. Albei spanne het goeie krieket gespeel en ons is trots op ons spanne wat voortbou. Volgende week speel ons in Geroge krieket en wens die spanne alle sterkte toe met die wedstryde. Dankie vir al die afrigters se harde werk en die ouers wat ons so ondersteun.

Graad 4 NW Projek!

Graad 4 leerders maak diereskuilings vir hulle NW projekte vir die kwartaal. Almal het pragtige ontwerpe geskep. Meer foto's van die leerders se ontwerpe kan gesien word op die D6 en op ons Facebook blad.

Jaarblad 2017

Daar is nog Jaarblaaie beskikbaar teen R60.

Goue Toekenning vir Eko-Skoleprojek

Laerskool Laurus verwerf die
Goue Toekenning vir die Eko-skoleprojek
tydens 2017. Ons is trots om 'n omgeebeker te hê
wat oorloop na ons omgewing en gemeenskap!

Meerkatnuus is ook elektronies beskikbaar op D6 en op ons Facebook blad.

Atletiek:

Tydens die Oudtshoorn-Streeksatletiekbyeenkoms het ons atlete baie goed gevaar. 17 leerders is gekies vir die Oudtshoornspan wat op Saterdag, 17 Februarie , aan die Eden Atletiekkampioenskappe gaan deelneem. Ons wens hulle baie sterkte toe. (Marchelle Kennedy afwesig op foto).

Baie geluk aan Debora Moolman en Farrel-Leigh Dido wat opgeneem is in die Eden-Atletiekspan wat op 3 Maart aan die Wes-Kaap Atletiekbyeenkoms gaan deelneem.

Jeugskou werkswinkel:

Woensdag , 21 Februarie, het ons in
George aan 'n Werkswinkel deelgeneem vir die Jeugskou. Die jeugskou het gehandel oor die hantering van Angorabokke. Hulle het dit baie geniet en hulle sien baie uit om in die toekoms met Angora bokke te gaan skou. Hou ons dop!!

Meerkatnuus deur: Bernard Els